e Hervormer

WEEKLIKSE NUUSBRIEF MET KOMMUNIKASIE EN KOMMENTAAR

15 Januarie 2009
Jaargang 1 – Uitgawe 40

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

VOORBLAD

Reënboogmense

Noag het die luik van die ark oopgemaak en uitgekyk
…en toe sê God vir Noag: Gaan uit die ark uit …
(Genesis 8: 13, 15, 16)

Nog ’n nuwe jaar het begin. Wat lê vir ons hier op aarde voor in hierdie nuwe jaar: voorspoed of teenspoed? Daar is so baie dinge wat ’n rol kan speel: ’n nuwe Amerikaanse president, ’n verkiesing in Suid-Afrika, oorlog in die Midde-Ooste, die situasie in Zimbabwe, rentekoerse, brandstofpryse, inflasie, voedselpryse… daar is te veel om op te noem.

Hoe anders skets die Bybel Noag se situasie vir ons! Dit was ’n totale nuwe begin. As Noag by die ark se luik uitkyk, sien hy die aarde skoon en gereed. God het dit alles nuut gemaak. En God gee vir Noag en sy gesin die geleentheid om die nuwe aarde te bewoon. Die lewe, elke nuwe dag en maand en jaar, is ’n nuwe geleentheid wat ons van God ontvang. Waarmee gaan ons dit vul? Want God gee ook aan Noag en sy gesin die opdrag: *Gaan uit die ark uit…* Ons kan nie net in die geborgenheid van die ark sit en kyk na God se nuwe skepping nie. Ons kry die verantwoordelikheid om dit te vul, om die geleenthede wat God ons bied, te gebruik. En om dit te kan doen, moet ons dit waag om God te vertrou en in gehoorsaamheid aan Hom die lewe aan te durf.

Miskien hou jy ook nie van verandering nie. Dalk maak die onsekerheid van die toekoms jou ook benoud. God verwag van ons om dit in die geloof te waag, al weet ons nie wat die uiteinde gaan wees nie. Dit is eers wanneer Noag en sy gesin uit die ark is, dat God ’n verbond met hulle sluit.

…my reënboog het Ek in die wolke geplaas.
Dit sal die teken wees van die verbond tussen My en die aarde.
(Genesis 9: 13)

Ons weet nie wat die toekoms vir ons inhou nie, maar ons weet dat God ons liefhet. Want ook ons lewe onder die reënboog. Die hele lewe, die hele skepping staan onder die teken van God se liefde. Daar is niks wat ons van God se liefde kan skei nie. Soos Paulus kan ons bely: Hoë of lae rentekoerse, wêreldmagte of resessies, Obama of Zuma, niks kan ons skei van God se liefde nie, die liefde wat daar is in Jesus Christus ons Here.

Mag God in hierdie jaar wat voorlê van ons reënboogmense maak. Mag ons as Kerk die boodskap van God se liefde vir die wêreld helder en duidelik uitstraal. Mag elkeen van ons waar ons elke dag leef en werk ’n reënboog wees, lewende getuienis van mense wat God se liefde deur hulle laat skyn. Gaan uit die ark uit! Leef in die wêreld.

Dr Gerhard Lindeque, Subredakteur

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:

Redaksie -
epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte -
nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e-Hervormer* word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op *e-Hervormer*

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

Stuur ’n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die ‘Teken in’-opsie.

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas.

Ds Gerhard Kruger is onlangs beroep na Gemeente Pretoria-Wes, en nie na Krugersdorp-Wes soos berig is nie.

Gemeente Oudtshoorn beskik tans oor 'n **vakante deeltydse standplaas**. Die kerkraad wil graag van belangstellende predikante of emeriti hoor wat daar wil werk. Kontak die skriba, Antoinette Olivier, by 084 955 3106, of die konsulent, ds Ferdie Nortjé, by 044 871 2125 / 083 469 6862. Oudtshoorn is 60 km vanaf George en 180 km vanaf Beaufort-Wes. Die gemeente bestaan uit 77 belydende lidmate en het 'n sieletal van 83. Daar is 35 huisbesoekpunte waarvan vier gesinne in Beaufort-Wes is en twee gesinne op Prins Albert. 55% van die sieletal is senior burgers. Eredienste word elke Sondag gehou om 09:00 in Oudtshoorn, en elke eerste en derde Sondag van die maand word ook 'n erediens gehou te Beaufort-Wes om 18:00.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Herbert Dreyer** is op 13 Januarie in die ouderdom van 85 oorlede. Meelewing word ook hiermee betuig aan mev Sus Dreyer en al die familielede. Die begrafnis sal uit Ons Tuis, Tehuis vir Bejaardes (Soutpansbergweg, Pretoria) plaasvind op Vrydag 16 Januarie om 10:00.

- Daar word ook in hierdie dae gedink aan **ds Kalfie en mev Maryna Loots** en hulle familie. Mev Loots se suster en swaer is onlangs na 'n grusame ongeluk by 'n treinoorgang in die Kaap oorlede.

- Op Sondag 1 Februarie ontvang **prof Piet Geyser** sy Akte van Emeritaat tydens die erediens van Gemeente Pretoria-Oos. Prof Theuns Dreyer sal 'n groeteboodskap oordra namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, en ds Johan Wagenaar namens kollegas en vriende. Prof Geyser se situasie is baie ongewoon. Hy emeriteer in Gemeente Pretoria-Oos waar hy as brugpredikant met 'n volle belading verantwoordelikhede gekontrakteer is om die gemeente met 'n beroepsproses te begelei tot en met die bevestiging van 'n nuwe predikant. Daarna sal sy deelsorgverpligtinge in die gemeente voortgaan. In Februarie hervat hy sy verpligtinge by UP se Departement Godsdienskunde vir nog 'n gekontrakteerde jaar, nadat hy as gevolg van die destydse UP-beleid reeds op 60-jarige ouderdom moes afgetree het.

- Baie geluk aan die **predikante wat gedurende die res van Januarie** verjaar: Ds Frikkie Labuschagne (13 Januarie); ds Japie Coetzee, ds Chris de Beer, prof Piet Geyser en ds Tony Simpson (14 Januarie); ds Chris Schoeman en ds Arnold Viljoen (15 Januarie); ds Hannes Viljoen (16 Januarie); ds Willie Roos en ds CJ van Wyk (17 Januarie); ds Martin Slabbert (19 Januarie); ds Martyn Redelinghuys (20 Januarie); ds Stephen de Beer, dr Johan Nel en ds Gerrie Senekal (21 Januarie); ds Wim Slabbert (22 Januarie); dr Wouter van Wyk en ds Jan Wallis (23 Januarie); ds Riaan Botha, ds Pierre Kotzé en ds Oppies Opperman (25 Januarie); ds Marita Engelbrecht, dr Marthinus Pretorius en ds Richard van der Westhuizen (26 Januarie); ds Elmien Snyman (27 Januarie); ds Sanet van der Walt (28 Januarie); dr Jaco Beyers, ds Eduard Engelbrecht en ds Heloïse Herbst (29 Januarie); en ds Eksteen Botes (30 Januarie).

- **Gemeente El-Flora** se kontakbesonderhede het verander. Die sekretariële beampte, kassier en skriba vir registrasie is nou mev Johanna Ayres, 011 674-2326 (kerkkantoor), nhkelflora@telkomsa.net. Verander gerus die besonderhede op bladsy 122 in die nuwe *Almanak*.

- **Gemeente Derdepoort** het nie tans ’n sekretariële beampte nie. Hul skriba vir registrasie is mnr Manie van Niekerk, 012 800 3452 / 073 500 3076 / mej@mweb.co.za. Verander asseblief die besonderhede op bladsy 97 van die *Almanak.*

- **Gemeente Weltevreden** se 10de Berge-en-Dale-padfietswedren vind op Saterdag 31 Januarie van die Silverstar Casino in Muldersdrif (Wes-Rand) plaas. Die nuwe roete is mooier en veiliger as ooit vantevore, met gedeeltelike padsluiting op die N14-snelweg tussen Krugersdorp en Pretoria. Meer besonderhede is beskikbaar op Weltevreden se webblad by http://www.nhkweltevreden.net/BD09.htm, en fietsryers kan tot 19 Januarie inskryf by www.cyclelab.com.

ANDER NUUS

- Die redaksies van die ***Almanak* en *Bybelse Dagboek*** vra graag lesers se kommentaar op die 2009-uitgawes. Daar is ’n beperkte hoeveelheid beskikbaar vir lidmate en gemeentes wat nog wil bestel. Kontak mev Cecile Naudé by 012 322 8885 of sentik@nhk.co.za.

- Dr Wian Kloppers en die redaksiespan van ***Konteks*** het hulle eerste vergadering van die jaar op Maandag 12 Januarie gehou. Aangesien gesprek oor al die kerklike media gevoer moet word ten einde ’n korporatiewe identiteit vir die Kerk te help skep, is moontlike nuwe medewerkers en redaksielede van die ander publikasies wat deur SENTIK uitgegee word, genooi om die vergadering by te woon. Prof Piet en mev Louise Geyser, ds Danie van der Watt van Gemeente Montana, ds Thomas Dreyer van Gemeente Wapadrant (met die oog op ’n rubriek vir die jeug), en dr Christo Pretorius van Gemeente Pretoria (’n rubriek oor die historiese erfenis van die Hervormde Kerk) sal onder andere in 2009 betrokke wees by *Konteks.*

- Die redaksie van ***Die Hervormer* en die *e-Hervormer*** vergader op Donderdag 15 Januarie om onder meer afskeid te neem van prof Piet Geyser as redakteur, en dr Gerhard Lindeque te verwelkom as die nuwe redakteur. Daar sal ook aandag gegee word aan ’n nuwe konsep vir die webblad van die betrokke publikasies.

ADVERTENSIES

- **SENTIK** benodig die dienste van ’n **deeltydse Administratiewe Beampte / Sekretaresse** met ingang van 1 Maart 2009. Die posbekleër skakel daagliks met mense binne en buite die Kerk, en moet gemaklik op alle vlakke kommunikeer. Die ideale kandidaat is vertroud met Microsoft Office (Word, Excel, Outlook), tik vlot en verrig administratiewe take flink en akkuraat. Ervaring van sekretariële werk is ’n sterk aanbeveling, en kennis of ervaring van bemarking ’n bonus. Dit is ’n oggendpos (van 08:00 tot 13:00) en die vergoeding is markverwant. Belangstellendes kan mnr Piet Beukes (Hoof: Menslike Hulpbronne) by piet@nhk.co.za kontak, of dr Wouter van Wyk (Sekretaris: SENTIK) by wouter@nhk.co.za. Albei kan telefonies gekontak word by 012 322 8885.

- **Toer saam na Oberammergau en Israel in 2010**. Die beroemde Passiespele vind net een keer elke 10 jaar plaas en is wêreldwyd baie gewild. Kaartjies is amper uitverkoop, daarom is dit nodig om vroeg vanjaar reeds plekke te bespreek en die nodige deposito's te betaal. Die toer sluit twee nagte se verblyf in Oberammergau in, asook 'n besoek aan Switserland en Israel, met al die hoogtepunte wat die twee lande bied. Dit beloof om 'n besondere geestelike ervaring te wees. Kontak dr Hennie Botes van Gemeente Naboomspruit by 014 743 0209.

- 'n **Tuinwoonstel is te huur in Rietondale**, Pretoria. Slegs vir 'n enkelpersoon werknemer of student wat die omgewing se rustigheid kan waardeer en handhaaf. Dit is geleë digby universiteite, Brooklyn en die middestad. Die enkelkwartiere bestaan uit kombuis/woon-/slaapvertrek met badkamer en oop stoep en met onderdakparkering. Geen troeteldiere word toegelaat nie. R1 800 per maand, water en ligte ingesluit. 'n Deposito van R1 800 is betaalbaar. Vir meer inligting, kontak Jan Oberholzer by jan@nhk.co.za of 082 851 1081.

- Is u op soek na **iemand om te sing** by 'n byeenkoms? Kontak ds Fanie Beukes by 073 167 1183 vir 'n bespreking of vir meer inligting.

- 'n Lidmaat van Gemeente Potchefstroom nooi besoekers om tuis te gaan in haar **gastehuis**. Cherry on Top selfsorgeenhede in **Potchefstroom** bied skoon, netjiese verblyf teen billike tariewe. Dit is in 'n rustige, veilige omgewing, naby die Landboukollege, Potchefstroom-hospitaal, Mooirivier Mall en die universiteit. Kontak Sanette Duvenhage by 082 560 5874 of cippotch@mweb.co.za, of besoek www.potchefstroom.co.za/cherryontop vir meer inligting.

Seniordal
Aftree-oord
'n Tuiste vir selfversorgende bejaardes
Kieserstraat 126, Rietondale, Pretoria
GEMEENSKAPSPROJEK van
GEMEENTE PRETORIA
* 58 eenhede (1-slaapkamer-, 1½-slaapkamer- en 2-slaapkamereenhede)
* Goeie ligging in Deernis/Rietondale
* Digby Ons Tuis, hospitale, middestad
* Skakel dr Paul de Beer, eiendomsbestuurder, by 082 975 7331

AGTERBLAD

Konteks – gesinstydskrif vir vandag

***Konteks* is trots en dankbaar dat ons 'n bydrae mag lewer om ons geloofsgesin in hierdie tyd te dien. Ons is opnuut geïnspireer deur die boodskap van ons voorblad-uitbeelding. Ons wil dien, omdat ons onder die indruk is van dít wat Christus vir ons kom doen het...**

So skryf dr Wian Kloppers in sy redaksionele berig in die Januarie/Februarie 2009-uitgawe van *Konteks.* Dié uitgawe is reeds aan gemeentes gepos.

Besoek die webwerf www.konteks.co.za om 'n voorsmaak te kry van die besondere rubrieke en artikels. Kontak mev Cecile Naudé van SENTIK by 012 322 8885 of stuur 'n e-posboodskap aan sentik@nhk.co.za indien u op die tydskrif wil inteken. U kry 10 uitgawes teen slegs R110.